



Info Forum

Nuusbrief van die Potchefstroom Kampusbiblioteke

Vol 11:1 • **Junie 2013**

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS


IN HIERDIE UITGAWE:

Bladsy


1 - Biblioteekgebou
3 - OneSearch
3 - Opedag
4 - BA Seobi Skool
4 - PPS- tjekoorhandiging
5 - Tydskrifprojek
5 - Biblioteekweek
6 - Amazing Race
7 - Confubulatia
8 - LibGuides
8 - eBoeke
10 - Nuwe tuisblad


***"A university is just a group of buildings gathered around a library." - Shelby Foote***

## Biblioteekgebou – uiteindelik!

Reeds teen 2010 is besef dat die biblioteekgebruikers se behoeftes aan die verander is. Daar is met die moeisame maar opwindende besinning en beplanning begin van wat nodig gaan wees om die biblioteek te verander sodat dit werklik die spreekwoordelike hart van die kampus sal wees. Daar is wyd gekonsulteer, navorsing gedoen en ander biblioteke is oorsee en plaaslik besoek. Uiteindelik is 'n argitek met wye ervaring van biblioteke en hedendaagse behoeftes daarrondom se hulp ingeroep. Planne is opgestel, natuurlik binne dit wat moontlik en bekostigbaar is en die jawoord is verkry om met hierdie projek te begin.

Aan die begin van Mei 2013 is daar uiteindelik 'n aanvang geneem met die beplande herinrigting van die Ferdinand Postma Biblioteekgebou. Die herinrigting word beplan vir ten minste drie fases wat oor die volgende twee-en-'n half jaar gaan plaasvind. Die beoogde veranderings is gebruikersgedrewe en gaan dienslewering na 'n volgende vlak neem.

Fase 1 bestaan uit die op- en inrigting van 'n eksklusiewe navorsingsmeent waar alle nagraadse studente en ander navorsers in 'n baie spesiale omgewing gekoester gaan word: die nuutste harde- en sagteware word beplan; opleiding in die navorsingsprossesse vir beginners; 'n stil studie-omgewing met genoegsame fasiliteite om skandeerwerk en ander tegniese prosesse te verrig; asook 'n ontspanningsarea waar die bene gerek kan word na 'n lang stilsit- en konsentreersessie.

Aktiwiteite wat die inrigting van die navorsingsmeent moet voorafgaan, is die volgende:

☑ Ontruiming van die Ossewa-Brandwagmuseum op die derde vloer

- Samesprekings met die vakgroep Geskiedenis, Kampusbestuur, Institusionele bestuur en Erfenisstigting
- Besluit dat dit na Erfenisstigting sal verskuif
- Reël vir die verpakking en vervoer
- Bekom die nodige fondse
- Bystand met fotografering van museumartefakte
- Beplan die digitalisering van die Ossewa-Brandwagargiewe

Sifting van uitgediende gedrukte tydskriftitels en -bande

- 'n Deeglike kontrolestelsel word gevolg
- Doen databasisregstellings waar nodig
- Verwydering van die bande waaroor besluit is
- Opskuif van die rakke om plek te maak vir die 900-boekversameling



Ontruiming van die 900-boekversameling op die derde vloer

- Voorafkeuring van bronne wat in die kelderverdieping geberg moet word
- Inskuif van die 900-boeke wat op die oop rakke behou word (in die bestaande tydskrifargief op die rakke wat oopgelaat is na die verwydering van die betrokke tydskrifbande)

Verskuiwing van die rekenaarlokale vanuit die kelderverdieping na 'n ander plek op die kampus

- Doen ondersoek na die beskikbare leë ruimtes op die kampus
- Die Roosterkomitee bepaal en wys 'n lesinglokaal in die Biblioteekgebou op die derde vloer aan
- Toestemming word verkry om die betrokke lokaal in rekenaarlokale te omskep
- Ontwerp en begroting vir die nuwe lokale word verkry
- Die werk daaraan begin in Junie 2013
- Ontruiming en veranderings laat die Biblioteek vir ongeveer twee tot drie maande sonder enige rekenaarlokale



Inrigting van die kelderverdieping

- Ruimtes word skoongemaak
- Rakke word ingerig
- Die 900-boekversameling wat geberg moet word, kan verskuif word
- Nashua-ruimte word heringerig en die diens word verskuif

Nadat die meeste van bogenoemde afgehandel is, kan die werksaamhede aan die derde vloer in alle erns begin en sal die Navorsingsmeent hopelik aan die begin van 2014 afgegee word!



Fases 2 en 3 (beplan vir 2014-2015) behels onder andere die inrigting van die grondvloer as Inligtingsmeent vir voorgraadse studente (ongeveer 90 rekenaarwerkstasies), die inrigting van 'n interaktiewe opleidingslokaal met 40 rekenaars, die verskuiwing van Nashua na die kelderverdieping, die konsolidering van die boekery op vloere 1 en 2 en die konsentrasie van gebruikersdienste op die grondvloer.

Ten spyte van die ontwrigting en harde werk wat nou voorlê, word daar met opgewondenheid uitgesien na die "nuwe biblioteek" en wat dit aan ons studente gaan bied.

## OneSearch - Ebsco Discovery Service (EDS)

Die biblioteek het onlangs ingeteken op Ebsco Discovery Service. Hierdie produk verskaf 'n enkele soekskerm waardeur 'n groot verskeidenheid elektroniese produkte soekbaar is.

**Wat is EDS?**

EDS is 'n aanlynproduk wat byna al die Biblioteek se elektroniese produkte bymekaar bring deur die gebruik van 'n enkele soekskerm. Met ander woorde, gebruikers het nie meer nodig om in verskillende databasisse na inligting te soek nie, (byvoorbeeld in die katalogus vir boeke, in EbscoHost vir artikels, ensovoorts.) Deur 'n EDS-soektog kan resultate uit verskillende databasisse gelyktydig op een skerm vertoon word. Deur EDS word die waarde en bruikbaarheid van die Biblioteekversameling dus verhoog.




EDS is dus 'n tipe "super databasis" wat 'n wye net gooi om die gebruiker 'n breë idee te gee van sy onderwerpsveld. Resultate kan ook baie meer verfyn word deur gebruikte maak van kategorie indelings en ander beperkers.

EDS is egter nog nie optimaal ontgin nie, dus kan gebruikers klein veranderings te wagte wees met verloop van tyd. Indien daar enige probleme of voorstelle is, kontak gerus vir Carine Basson (carine.basson@nwu.ac.za).




## NWU-PUK-Opedag 4 Mei 2013

Die Biblioteek is sedert 2012 by die jaarlikse NWU-PUK-Opedag betrokke wat op die kampus aangebied word. Die kampus het op 4 Mei uit sy nate gebars toe duisende voornemende eerstejaars en hulle ouers kom kyk het wat die kampus bied. Die Biblioteek het 'n stalletjie opgerig en het die nuutste tegnologie vertoon waar die klem op akademiese eBoeke geplaas is wat moeiteloos afgelaai, uitgedruk en ge-epos kan word.

Personeellede het besoekers deur die Biblioteek geneem en op nuwe fasiliteite gefokus wat in die Biblioteek beskikbaar is. Ferdi 's en die nuwe groepstudielokaal het veral beïndruk. Ouers wat oud-Pukke was, kon nie glo hoe die Biblioteek verander het nie. Hierdie was inderdaad vir ons 'n geleentheid om te toon hoe die Biblioteek met tegnologie tred gehou het asook die veranderde eise wat in terme van sosiale leerruimtes gestel word. Kleurvolle boekmerke, koue sap en notaboekies is aan voornemende eerstejaars uitgedeel. Die besoekers was vol lof vir die vriendelike en gasvrye manier waarop hulle in die Biblioteek en op die kampus ontvang is.

## BA Seobi Sekondêre Skool

Die Biblioteek was die afgelope ses jaar by verskeie gemeenskapsprojekte betrokke en fokus sedert 2012 op die BA Seobi Sekondêre Skool in Ikageng.

Gedurende 2012 is die vertrek wat as biblioteek sou dien, opgegradeer en van rekenaars, DVD's en rekenaarprogramme voorsien. Opleiding is ook verskaf.

Ons Katalogusdepartement het 1 351 boeke rakgereed gemaak en van kataloguskaarte voorsien. Op 29 April 2013 het vier personeellede van die Biblioteek die boeke volgens verskillende kategorieë op die rakke gerangskik. Ons beplan om gedurende die jaar nog heelwat nuwe boeke en rekenaarprogramme tot die skool se versameling te voeg.

Die skool is opreg dankbaar vir alle hulp wat hulle tot dusver ontvang het.




## PPS-tjekoorhandiging




Die Biblioteekdienste is tans druk besig met die inrigting van 'n spognuwe navorsingsmeent. Hierdie ruimte word ingerig met die oog op die uitsluitlike gebruik deur nagraadse studente en navorsers om die biblioteek se verbintenis tot die ondersteuning van navorsing te bevestig. Die nuutste en beste tegnologie gaan hier beskikbaargestel word. 'n Tjek ter waarde van R300 000 is op 31 Mei van PPS ontvang, wat vir hierdie doel aangewend gaan word.

Die Biblioteek is baie bevoorreg aangesien die verteenwoordigers van PPS (oud-studente van die NWU) spesiaal na die Biblioteek gekom het om te hoor of die Biblioteek 'n projek het waarby hulle finansieel kan betrokke raak. Nodeloos om te sê, ons het vinnig gespring en die voorlegging vir fondse opgestel en ingedien. PPS is positief dat ons vir Fase 2 van die Navorsingsmeent nog 'n aanvraag om befondsing kan rig.

*Die rektor van die Potchefstroomkampus, prof Herman van Schalkwyk en Elsa Esterhuizen, Direkteur Biblioteekdienste neem die PPS-tjek in ontvangs. Die oorhandiging word gedoen deur Barry Pretorius, PPS Streeksbestuurder en links van hom staan JC Vorster, Bemarkingsbestuurder Jeugmark van PPS.*

# Verslag: Tydskrifprojek





'n Grootskaalse en grootse opruimingsprojek is op die oomblik by die Tydskrifafdeling prioriteit. Dit vorm enersyds deel van die projek om meer ruimtes vir die vernuwing en opgradering van die Biblioteek beskikbaar te stel en andersyds vorm dit deel van 'n natuurlike uitdunningsproses ter wille van optimale ruimtebesetting, effektiewe benutting van elektroniese bronne en algehele netheid.

Dit het baie deeglike en sekure beplanning geverg en die verskuiwings om hierdie plan te implimenteer, is nou op dreef.

Ten einde die derde vloer op te ruim, moes die tydskrifte op die tweede vloer gekompakteer word, sodat daar voorlopig ruimte beskikbaar gestel kan word vir die geskiedenisboeke (900-boekversameling) vanaf die derde vloer.

Sydney Vos is aangestel om met hierdie taak hand te gee en hy vorder baie flink en fluks!

Wat die uitdunningsproses betref, word tydskrifte volgens verskillende kategorieë beoordeel, byvoorbeeld hulle gebruiksfrekwensie, relevansie, elektroniese beskikbaarheid, beskikbaarheid by ander universiteitsbiblioteke, akkreditasie en indeksering. 'n Lys van tydskrifte vir uitskakeling oorweeg word, word aan dosente voorgelê vir die finale keuring.

Hierdie is aktiwiteite in slegs een afdeling in die Biblioteek wat deel uitmaak van die nuwe opwindende vooruitsigte vir die opgradering van die Biblioteek om met die nuwe uitdagings en verwagtings tred te hou waaraan biblioteke vandag moet voldoen!

## Suid-Afrikaanse Biblioteekweek 2013



Die tema van vanjaar se Suid-Afrikaanse Biblioteekweek was "Educate yourself @ your library". Daar is opleiding en aktiwiteite (blokkiesraaisel en geocaching) aangebied wat studente se kennis van inligtingverkryging en -verwerking verbreed het. NWU-personeel en lede van die Potchefstroom se gemeenskap is aangemoedig om boekbesprekings by te woon ten einde hulle kennis te verruim en laerskoolleiers en bejaardes is genooi om na die tegnologie in en die werking van die Universiteitsbiblioteek te kom kyk.

Biblioteekweek was ook 'n goeie geleentheid om bemarking van die elektroniese boeke te doen. Alles was daarop gemik om kennis van die Biblioteekberoep asook aktiwiteite en dienste wat die Universiteitsbiblioteek in die besonder bied, oor te dra.

## Regte se Amazing Race

Gedurende die week van 6-10 Mei 2013 het die Fakulteit Regte se eerstejaar IURI 171-studente hulle Amazing Race in die Biblioteek gedoen. Hulle is in spanne verdeel, elkeen met 'n onderwerp waarop hulle 'n wet, 'n hofsaak, 'n artikel, 'n boek en 'n Internetbron moes gaan soek.

Daar was 'n tydsbeperking om dit af te handel en die studente moes twee stempels kry . Die spanne het ook in 'n lekker gees snaaks aangetrek. Op Regte se Faceboekblad het een studente geskryf : "This was the most awesom-IEST moment in my academic history !!!!"











## Die eerste gedeelte van 2013 sien reeds twee Confabulatia gesprekke in Ferdi's

### 27 Februarie 2013: Hoe bewerkstellig 'n mens transformasie op 'n multikulturele kampus?

Die SR-Akademiese Raad se kwartaallikse Confabulatia (Akademiese Gesprek) het hierdie jaar afgeskop met 'n baie interessante en kontroversiële gesprek. Die oorhoofse tema, "Transformasie", is bespreek en beoordeel ten opsigte van die toepassing daarvan op die NWU-PUK-Kampus.

Behalwe vir die ongeveer veertig studente wat in die Biblioteek se koffiewinkel, Ferdi's, bymekaargekom het, is die aksie deur Prof Rikus Fick (Studente-Dekaan) en die SR-Voorsitter Janco Jordaan, verskeie SR-lede, UK-lede en komiteelede bygewoon.

Die sprekers was Andrea Viviers, 'n forensiese rekenmeester-honeursstudent en voormalige SR:AKSA Ondervoorsitter en huidige O&B-komitee UK-lid met die portefeulje: Transformasie asook Charte Pretorius, 'n Sosiologiedosent.

Andrea het vanuit haar eie ervaringsveld 'n pleidooi gelewer dat studente (maar ook die Bestuur van die Universiteit) moeite moet doen om transformasie op die kampus te bevorder. Sy het 'n "kleurblindheid" gepropageer wat blind sal wees vir ras- en kultuurverskille, sodat wedersydse begrip en respek in 'n multikulturele omgewing bewerkstellig kan word.

Charté Pretorius is baie krities oor die NWU-PUK se pogings om transformasie aan te pak en voel dat daar amper geen sigbare vordering in hierdie verband is nie.  Sy is van mening dat dit vir die Afrikaanse kultuur (let wel, nie die "Wit-kultuur" nie) moontlik is om te help dat transformasie suksesvol bewerkstellig kan word, sonder dat die eie kultuur daardeur bedreig word. Die belangrikse en beste manier om hierdie proses aan die gang te kry, is volgens haar deur middel van dialoog, sodat alle betrokke partye hulle standpunte kan stel en sodat dat daar dan daadwerklik, met wedesydse inagneming, opgetree kan word.

Die drinkgoed wat die Ferdinand Postma Biblioteek geborg het was nie net 'n welkome lafenis nie, maar is ook baie waardeer.

Na afloop van die sprekers se voordragte is geleentheid vir vrae gegee en 'n spontane interaksie het die debat afgerond.

### 10 April 2013: Jeugwerkloosheid

Die bykans sestig persone wat Woensdag 10 April 2013, die tweede Confabulatia-byeenkoms van die jaar in Ferdi 's , die Biblioteek se koffieshop bygewoon het, het soos by die vorige geleenthede 'n lewendige diskoers opgelewer.  Hierdie keer het dit gehandel oor die aktuele onderwerp van "Jeugwerkloosheid".   Dit is aangebied deur die SR-Akademiese Raad en bygewoon deur onder meer biblioteekpersoneel, verskeie SR-lede, UK-lede, ASV-lede, komitees en ander studente.

Die inleidende spreker van die aand se gesprek, was die jong, dinamiese, Carike Claassen van die Skool vir Ekonomie.  Sy het die kritieke faktore van jeugwerkloosheid uitgelig, tendense bespreek en moontlike oplossings voorgestel. Ten spyte van 'n aanvanklike donker prentjie, kon sy op 'n positiewe noot afsluit, deur die gehoor daarop te wys dat die statistiek vir werklose gegradueerdes nie altyd juis is nie.

Peet Roos, 'n konsultant van die NWU-Loopbaansentrum, was die tweede, baie entoesiastiese en ingeligte spreker. Hy het gekonsentreer op die maniere waarop aansoekers hulleself eerstens moet bemagtig en tweedens kan bemark. Hy het aangetoon hoe belangrik die verkryging van vaardighede is, asook hoe om dit aan potensiële werkgewers te demonstreer deur onder andere 'n goed opgestelde CV. Studente is uitgenooi om gebruik te maak van die Loopbaansentrum se dienste ten opsigte van enige hulp met werksaansoeke.

Albei sprekers het na afloop van hulle gesprek vrae vanuit die gehoor beantwoord en sodoende die gesprek deurgaans interessant en interaktief gehou.

Ferdi's was weereens 'n uitstekende en hoogs waardeerde gasheer vir hierdie geleentheid!



*Peet Roos (NWU Career Centre), Elsa Esterhuizen (Director Library Services), Carike Claassen (School of Economics), Janie Lamprecht, Pieter Pienaar (SRC) and De Wet Swart (AC)*

## LibGuides

In 2011 het 'n groep Kommunikasiestudente die Biblioteek se *Soek volgens vak*-webbladsye geëvalueer op grond van 'n aantal kriteria. Daar is spesifiek na Regte se vakblad gekyk en hoe dit met die Regs-vakbladsye by ander universiteite in Suid-Afrika en oorsee vergelyk. 'n Hele paar voorstelle het na vore gekom en die Biblioteek het ondersoek gedoen na 'n program wat aan die behoeftes van die moderne student voldoen.

Na die ondersoek is besluit om op die *LibGuides*-produk van *Springshare* in te teken wat ook deur verskeie ander universiteitsbiblioteke gebruik word, byvoorbeeld die Universiteit van Kaapstad en Stellenbosch.

Die inligtingsbibliotekarisse gebruik LibGuides om gidse met inligting op te stel wat van toepassing is op spesifieke terreine. Op die bladsye is dus databasisse beskikbaar wat relevante inligting aan vakgebiede verskaf, byvoorbeeld Chemie. Opleidinmateriaal en inligtingsessies word hier geadverteer. Wat vir die studente baie belangrik was, was 'n foto van die betrokke inligtingsbibliotekaris wat hulle sal help asook die kontakinligting van die persoon. Verder wou hulle ook kommentaar kan lewer, en direk na sosiale media soos Facebook en Twitter skakel. Die verdeling van inligting in duidelike kompartemente met goeie opskrifte, was nog 'n belangrike faktor.

Vanaf Januarie 2013 is die verskillende gidse al 16 980 keer besoek. Die gidse wat die meeste aftrek kry, is die A to Z List of Databases, Law, Chemistry, Pharmacy en Mechanical & Nuclear Engineering.

## eBoeke

In 2012 het die Biblioteek besluit om ons eboekversameling drasties uit te bou. Met beskikbare fondse kon meer as 4 000 eBoeke aangekoop word. Die grootste voordeel van eBoeke is hulle onmiddellike beskikbaarheid en dat die volteks woord vir woord soekbaar is; dit is nie 'n swaar pakkie om te dra nie en dit kan maklik op die meeste draagbare toestelle (*mobile devices*) afgelaai word.


Toegang tot eBoeke is op verskeie maniere via die Biblioteek se webblad moontlik:




Hier word binne die volteks van eBoeke gesoek

eBoekinligting word deursigtig opgetel in soektogte op ScienceDirect & EbscoHost

Soektogte via die katalogus bied 'n direkte skakel na die volteks van eBoeke





Ons het slegs van drie groot uitgewers gebruik gemaak, naamlik Springer, Elsevier en Ebsco

| Onderwerpe | Springerlink | Elsevier (ScienceDirect) | Ebsco |
|---|---|---|---|
| Aging & Gerontology | | | 8 |
| Agricultural & Biological Sciences | | 72 | |
| Biochemistry, Genetics Molecular Biology | | 25 | |
| Biomedical & Life Sciences | 484 | | |
| Business & Economics | 250 | | 14 |
| Chemistry & Material Science | 228 | 54 | |
| Computer Science | 945 | | |
| Earth & Environmental Science | 230 | 31 | |
| Education | | | 95 |
| Engineering | 650 | 21 | 34 |
| Energy | | 34 | |
| Humanities, Social Sciences & Law | 470 | | |
| Language & Literature | | | 16 |
| Leadership & Management | | | 22 |
| Nursing | | | 24 |
| Mathematics & Statistics | 432 | | |
| Media & Communication | | | 6 |
| Pharmacology, Toxicology & Pharmaceurtical Science | | 16 | |
| Philosophy | | | 10 |
| Physics & Astronomy | 320 | | |
| Professional Computing & Web Design | 124 | | |
| Psychology | | 43 | |
| Sport Medicine & Physical Therapy | | | 17 |
| Theology | | | 53 |
| Textbooks | | 30 | |

Belangrike naslaanbronne wat aangekoop is:

- Encyclopedia of Adolescence
- Encyclopedia of Environmental Health
- Encyclopedia of Food Sciences and Nutrition
- Encyclopedia of Inland Waters
- Encyclopedia of Electrochemical Power Sources
- Encyclopedia of Language and Linguistics
- Encyclopedia of Microbiology
- International Encyclopedia of Education
- Treatise of Geochemistry Water Science






## Nuwe tuisblad

Die veranderings wat die Institusionele Webkantoor teen die einde van Januarie 2013 aan die Universiteit se webtema geïmplementeer het, het die Biblioteek genoodsaak om sy eie tuisblad effens aan te pas. Danksy die nuwe tema wat geïmplementeer is, is daar nou heelwat meer spasie waarmee gewerk kan word.

Aan die regterkant van die webblad word gebruik gemaak van 'n *slider* om die Biblioteek se dienste meer prominent en kleurvol te adverteer. Hou gerus die spasie dop vir advertensies oor nuwe databasisse, opleiding en inligting oor dienste. Deur op die prent te klik, skakel jy na meer inligting.

'n Addisionele kolom is in die middel geplaas vir navorsingshulp wat vinniger toegang gee na skakels soos RefWorks, EndNote, geakkrediteerde tydskrifte, impakfaktore en die NWU se institusionele versameling. Die Biblioteek hoop dat nagraadse studente meer hierby sal baat vind.

Vakspesifieke inligtingsgidse voorsien aan studente inligting in die gebruik van die databasisse en biblioteekdienste.

Studente kan nou in die meeste van die databasisse en katalogus via die *OneSearch*-opsie soek wat hulle direk na beskikbare volteksartikels en eBoeke neem. Na verskeie versoeke vanaf die personeel en studente is die katalogus-*tab* teruggebring vir diegene wat slegs in die katalogus wil soek. Laastens is die statiese *Soek volgens vak*-webbladsye vervang met die meer interaktiewe *LibGuides*-biblioteekprogram wat deur verskeie universiteitsbiblioteke deur die land gebruik word. Ons vertrou hierdie veranderings maak die Biblioteekwebblad meer gebruikersvriendelik.

Artikels geskryf deur: Carine Basson, Corrie Breitenbach, Christine Bronkhorst, Erika Rood, Elize van Eldik, Elsa Esterhuizen, Janie Lamprecht, Jubrie Oosthuizen en Louise Vos
Redakteur: Elize van Eldik | E-pos: elize.vaneldik@nwu.ac.za | Tel: 018 2985 2441
InfoForum is op die web beskikbaar by http://dspace.nwu.ac.za/handle/10394/8323